Stella straat

1 Tess 2:9-13

"Om tot eer van God te lewe"



Tuis-Adoramus 1 November 2020

– geskryf deur Anton Pienaar

Tema: "Om tot eer van God te lewe"

Teks: 1 Tess 2:9-13

Liewe Adoramusvriende,

Ons nooi jou om tyd opsy te sit om hierdie tuis-adoramus alleen of saam met ander te doen.

Berei net eers voor om die musiek wat hier voorgestel word, te kan luister wanneer jy daar kom.

Groete,

Willem, Anton, Tienie en Fay

Die briewe van Paulus is die oudste stukkies erflating wat ons het van die eerste christelike gemeenskappe. Ons kan die eerste christelike gemeenskappe Jesus-volgelinge noem want hulle was nog nie in gemeentes georganiseer nie.

Wanneer Paulus vir die groepe volgelinge skryf, dan moet ons onthou hulle is nog half deel van die ou Romeinse en Joodse kulture, dit mag wees dat hulle op ander manière ook van Jesus gehoor het. Paulus skryf oor praktiese volgelingskap aan die groepe volgelinge – oor hulle lewenswyse, oor hulle lewensingesteldheid.

Vandeesweek lees ons 'n gedeelte van Paulus se brief aan die gemeente in Tessalonika, 1 Tessalonisense 2:9-13.

Kom ons luister eers na die pragtige Onse Vader soos gesing deur Andrea Bocelli

https://www.youtube.com/watch?v=kXBooqLg0n4

Paulus herhinner die volgelinge in Tessalonika dat hy dit op hulle hart gedruk het om tot eer van God te lewe. Wat dink jy beteken dit *om tot eer van God te lewe*?

Wat bring God se eer na vore? Dink 'n bietjie aan twee of drie dinge wat jy doen wat jy dink eer aan God bring?

Lees die teksgedeelte weer deur en kies dan vir jou 'n vers of 'n snede of 'n woord - word stil daarmee in jou hart en gedagtes vir so 8-10 minute.

Kom ons luister/kyk na 'n koorweergawe van die Hallelujakoor uit die Messias van Handel. Dalk is musiek wat uit ons harte kom een van die suiwerste maniere om eer aan God te bring. Daar is min mooier weergawes as die van die Mormoonse Tabernakelkoor.

https://www.youtube.com/watch?v=1Rf3WK_IJ1g

Ons gebed/poësie is iets om oor na te dink op sy eie, maar dit pas ook in vir mense wat 2000 jaar na die eerste volgelinge steeds probeer glo en soek na die eer van God.

En skielik is dit aand (Joan Hambidge)

Vanaand bid my vader
voor die Here God
om genade, liefde.
Oop oog kyk ek na hom,
my vader,
en sy kinderlike geloof.
Eens het ek dit verloor,
om nou opnuut in God te glo.
Van ateïsme en agnostisisme
teruggekeer na die huis

van die vader:
om te bid soos my vader
om liefde, genade
vir my verbrokkelde gesin
vol windstreke,
dwarshede,
Boedhisties aanvaar.
Uiteindelik verbind
in klotsels bloed,
dikker as brakwater.
Ek sou dit so graag anders
wou hê,
Vader.